# EDITORIAL

## Evo-revolusie

Europa is besig om hul beste breins te gee om welvaart vir almal te verseker sonder om lewe op die planeet uit te wis. Van Bragt[1] sê ons het 'n nuwe revolusie nodig om — "op een voorzichtige, onbloedige, humane manier", 'n leefbare wêreld tot stand te bring.

Ons bly op die Afrikaanse kontinent besig met 'n ander meer basiese soort oorlewing. Ons, in Suid-Afrika met relatiewe welvaart (oftewel bankrotskap) sukkel met groter onkostes, meer siekes en minder geld. Ons beleef ook die eerste tentatiewe ligstrale van gesels in plaas van geweld. Miskien sal die praat van 1989 tog oorgaan in onderhandeling in 1990?

Michael Cassidy[2] in sy baie leesbare boek oor, "the politics of love" spoor ons aan om dringend brûe te bou, en geregtigheid en liefde saam in die strukture van 'n nuwe Suid-Afrika in te bed. Ons laat 1989 hierdie maand agter met min mense op die wa wat nie weet dat 'n heel nuwe Suid-Afrika voorlê nie.

Die evo-revolusie van ons eie, soek ook 'n versigtige, onbloedige en humane pad. Elke deel van die gemeenskap moet meedoen. So ook ons medici. Ons geneeskundige dienste is nog nie beskikbaar aan almal in die land nie. Dubbele standaarde is nog steeds in ons strukture ingebou.

Bevordering van die huisarts en primêre sorg as een oplossing tot dié probleme, het nog nie verby slagspreuke beweeg nie. Die professie, regering en geneeskundige fakulteite glo nog nie genoeg hierin om hul verstand, kragte en geld aan die saak te gee nie.

Vandag het 'n kollega my gesê, die grondrede hiervoor is dat ons eie huis nie in orde is nie. Ons huisartse is verdeel. 'n Klompie behoort aan vier liggame en die res is 'n groot apatiese onbetrokke groep. Ons moet ook leer om met mekaar te praat. Dis te sê as ons in 1990 in die nuwe Suid-Afrika 'n faktor wil wees.

Mag ons die gees van kersfees, die vrede van Christus oordra in die nuwe jaar. 'n Jaar wat duideliker as ooit tevore vir Suid-Afrika nuwe uitdagings en geleenthede bied.

Ons van *S A Huisartspraktyk* wens u 'n geseënde kerstyd en die beste toe vir 1990.



### Verwysings


1. Van Bragt. Liberte, Fraternite, Egalite? Huisarts Nu 1989; 18: 423.
2. Cassidy M. The Passing Summer — A South African pilgrimage in the politics of love. London: Hodder and Stoughton, 1989.